

Eenheid preek 6 Alleen wanneer ons saamstaan sal ons die bose kan oorwin.

Goeie more aan almal, jonk en nie so jonk nie. Vandag oor twee weke sal ons eerste erediens terug by die kerk wees. Soos Miga verlede week gesê het, werk die reëlings soos volg as jy die erediens wil bywoon:

Jy moet Carin by die kerkkantoor bel of epos en jou en jou gesin se besonderhede vir haar gee. Jou naam kom dan op die lys van mense wat erediens kan bywoon. As jou naam nie op die lys is nie mag jy nie die kerk inkom nie. Indien jy nie een van die eerste 50 name is nie, kom jou naam outomaties op vir die volgende Sondag se erediens. Indien die belangstelling groot is sal ons die volgende Sondag twee eredienste hê.

Dan wil ek almal herinner aan die “ry en kry” basaar op Woensdag 16 September plaasvind. Iemand vra die week vir my, is die vleis rou of gaar? Dit sal lekker varsgebraaide braaivleis wees. Die bestellings moet teen eerskomende Vrydag, 4 September, in wees en betaal wees. Indien jy nie ’n vorm gekry het nie, vra die kerkkantoor om vir jou een te epos of gaan haal een daar af. Ondersteun asseblief die basaar en wees saam positief daarvoor. Ek wil solank vir Marie en Adri baie dankie sê vir al hulle moeite en reëlings.

Ons praat die afgelope tyd oor die eenheid in die kerk en Miga het verledeweek met ons gepraat oor hoe die eenheid van die kerk groei soos wat ons groei in die waarheid van God se Woord en dat dit belangrik is dat ons fokus op kernsake; dit wat in die kern van ons geloof staan.

Doen saam:

- So, die vraag waarmee ek vanoggend wil hê julle met mekaar oor moet praat is: **watter waarheid het jy die afgelope week raakgelees in die Bybel wat vir jou baie beteken het?**
- Praat met mekaar as gesin oor hoe julle besluit hoeveel julle bydra sodat die gemeente God se koninkrykswerk kan bly uitvoer.
- Bid saam dat die Here ons saamwees sal seën.
- Lees Johannes 17:11-16 saam en deel wat vir jou uitstaan en of julle kan agterkom van wie Jesus bid, die Vader, ons van moet bewaar?

Ek wil julle vanoggend ’n video wys van hoe ’n pak wolwe saamwerk om Amerikaanse Buffels in Kanada te jag. Die buffels kan alleen die aanslag van die wolwe oorleef as hulle saamstaan. Die wolwe probeer om paniek by die Buffels te bewerk, want wanneer die buffels paniekbevange word, vergeet hulle om saam te staan en elkeen is net uit om te oorleef. Die oomblik wat die wolwe dit regkry om die eenheid onder die buffels te breek, sneuwel een van die buffels.

Hoekom wys ek die video? Want dis presies waarvoor Jesus hier in Johannes 17 bid. Jesus bid dat die Vader sy dissipels sal help om saam te staan en een te wees, want daar is ’n vyand daar buite, wat weet, as hy dit kan regkry om die eenheid van die kerk te breek, dan het hy in sy doel geslaag om die kerk van sy getuienis te stroop. Hy weet ’n verdeelde kerk het geen getuienis nie. Hy weet ’n verdeelde kerk kan nie staande bly nie. Hy weet as hy iemand kan kry om die eenheid te verbreek, dan is die skade aan die kerk groot.

Vriende, die Duiwel haat eenheid en hy weet dat as hy die eenheid van die kerk kan verbreek en gelowiges op hulle eie kan kry, onafhanklik van ander gelowiges, dan is hulle sagte prooi. Daarom bid Jesus hier dat sy volgelingen nie uit die wêreld weggeneem sal word nie, maar dat hulle van die Bose bewaar sal word.

Hoekom bid Jesus hier dat sy dissipels van die Bose bewaar sal word? Hoekom leer Jesus sy dissipels in die onse Vader, dat hulle elke keer wat hulle bid, moet hulle bid: bewaar ons van die Bose? Want ons is soos die trop buffels van mekaar afhanklik om geestelik op die pad te kan bly. Anders as wat ons dink, is ons op ons eie, net so oorgelewer aan die Bose, soos die buffels op hul eie oorgelewer is aan die wolwe.

Vriende, ons het mekaar nodig, want wanneer ek onafhanklik van my medegelowiges wil leef, dan loop ek die risiko om die pad byster te raak. Een van die taktieke van die Bose is individualisme. Ons leef in 'n wêreld waar die regte van die individu oorbeklemtoon word. Die kultuur van die wêreld is dat elke mens daarna streef om op homself aangewese te wees. Ek wil nie ander in die oë hoef te kyk nie. Ek wil nie deur ander voorgesê word nie.

Jesus het geweet hoe gevaarlik die Bose is en Hy het geweet dat een van sy beste taktieke sal wees om eenheid te ondermyn. Daarom leer Hy ons bid, bewaar **ons** van die Bose. Daarom bid Hy, wanneer Hy hier in Johannes 17 vir eenheid bid: Vader, bewaar **hulle** van die Bose. **Ons, hulle**. Altyd in die meervoud. Jesus leer ons nie om te bid, bewaar my van die Bose nie, maar gewaar **ons**. Hy bid nie, bewaar elkeen van die Bose nie, Hy bid, bewaar **hulle** van die Bose. Is dit toevallig dat Jesus altyd in die meervoud bid? Verseker nie!

Jesus het die gevaar van dinge alleen doen so goed verstaan, daarom het Hy elke keer as Hy sy dissipels uitgestuur het, hetsy die 12 of die 72, het Hy hulle twee-twee uitgestuur. Hy het geweet sy dissipels is veiliger saam as alleen. Nie net in terme van gevare nie, maar ook in terme van afdwaal van die waarheid. Die gevaar om van die waarheid af te dwaal, is baie groter wanneer iemand alleen beweeg, as wanneer mense saam die geestelike pad stap.

Die rede hoekom die Bose verdeeldheid wil saai is omdat dit deel van God se natuur is om in gemeenskap te lewe. Hy is immers Vader, Seun en Gees. Drie in een. As sy kerk is ons sy liggaam. Elkeen is 'n ledemaat van die liggaam en saam vorm ons sy liggaam. Nie een van ons kan op ons eie Jesus se liggaam wees nie. Almal saam, elkeen saam met die ander, vorm die liggaam van Christus.

Die Bose is ook nie dom nie, so die Bose gaan nie altyd sigbaar en voor die hand liggend die eenheid aanval nie. Daarom gebruik hy gebruik dinge soos die heersende kultuur om eenheid op te voeter. Die oorheersende en groeiende kultuur van ons tyd is individualisme. Elkeen leef vir hom of haarself.

Die heersende kultuur hou die volgend voor as die waarheid:

- Die grootste geluk is te vinde wanneer daar individuele vryheid en geluk is. As jy jousef as individu kan uitdruk sal jy gelukkig wees. Ander, of die gemeenskap, of selfs die kerk, kan nie vir jou voorsê nie.
- Enige iets soos tradisie of godsdiens wat individuele vryheid beperk, moet vernietig, of verander word. Niemand kan my voorsê nie.
- Daar word geglo dat die wêreld sal verbeter namate individuele vryheid groter word.
- Elke mens moet self kan besluit hoe hy homself of haarself wil uitdruk en hoe hy wil leef.
- Die wêreld glo dat die mens inherent goed is.

Daarteenoor is die waarhede wat Jesus ons geleer het eintlik radikaal in konfrontasie teen die kultuur van die wêreld”

- As jy eerste wil wees, wees die minste.
- Dit is beter om te dien as om gedien te wil word.
- As jy werklik gelukkig en veilig wil wees, wees deel van die liggaam van Christus, waar elke lid medeverantwoordelik vir mekaar is.
- Hoe meer die individue hulself aan Christus onderwerp en saamwerk vir God se missie, hoe beter plek gaan die wêreld word.
- Ons moet altyd met mekaar die waarheid praat, in liefde, sodat daar oorwinning oor sonde sal wees, want sonde vernietig die onderlinge gemeenskap van gelowiges.
- Die Bybel leer ons dat die mens van nature geneig is tot sonde.

Jy sien, God het ons na sy beeld geskape, om Hom op aarde te verteenwoordig. Omdat God ’n God van gemeenskap is, het Hy ons gemaak om na gemeenskap met ander mense te smag. Daarom is die onderlinge gemeenskap, die onderlinge saamwees en saamstaan as gelowiges belangrik as ons iets van God se beeld aan die wêreld wil demonstreer.

Vriende, kom ons wees maar weer eerlik teenoor mekaar: eenheid kom nie van nature maklik by ons nie. Ons lees in Markus 10 dat self Jesus se dissipels daarmee gesukkel het. Ons lees daar dat Jakobus en Johannes vir Jesus gevra het dat as Hy eendag op sy troon sit, hulle asseblief weerskante van Hom kan sit. Hulle vra vir die ereplekke. Dit het tot groot onmin onder sy dissipels gelei.

Vriende, dink mooi wat die oorsprong van sonde was en wat was die Bose se versoeking aan Adam en Eva gewees? As julle van hierdie vrug eet sal julle soos God wees. As julle net eers jousef bevredig het, dan sal jy gelukkig wees. Dit is die kern van individualisme, om te dink die lewe gaan net om myself en die bevrediging van my eie behoeftes.

As jy mooi hieroor nadink, is dit die kern van die meeste van ons probleme. Dink aan wat breek huwelike op? Is dit nie elkeen se eie ek nie? As elkeen in die huwelik die eie ek wil bevredig kan daar geen geluk wees nie. Wat breek vriendskappe op? Die eie ek wat myself bo ander stel. Wat vernietig ons land se ekonomie waarskynlik tans die meeste? Die vergrype van individue wat daarop uit is om hulleself ten koste van ander wil verryk. Orals waar iemand se eie ek, die sentrum van hulle bestaan is, sal daar verdeeldheid wees en sal daar gebroke verhoudinge wees.

Agter elke vorm van individualisme sal jy die Bose aan stuur van sake kry. Vriende, ons moet die erns hiervan mooi verstaan. Orals waar ons verdeeldheid saai is dit omdat ons toegegee het aan ons eie sondige natuur en aan die Bose. Dis hoekom Jesus hier in Johannes 17 so ernstig bid vir die beskerming van die eenheid van sy volgelinge.

As die Bose die eenheid kan steel, dan lê hy ons lam. Daar is so baie maniere waarop die eenheid gesteel word. Waarskynlik is die suksesvolste strategie van die bese juis om mense op grond van wêreldse skeidslyne te skei. Dinge soos ras, taal, kultuur, vlakke van opvoeding en inkomste. Ons as mense sê maklik, maar dis gegewe. Hierdie dinge bring noodwendig skeiding tussen mense.

Vriende, dit het alles egter verander, weggeval, die dag toe Jesus aan die kruis gesterf het en na drie dae uit die dood opgestaan het. Ons lees in Kolossense 3, dat Paulus sê, dat mense wat tot geloof in Jesus gekom het, die aardse dinge wat nog deel van hulle lewe is, **moet doodmaak**. Hoor dit vriende, as ons tot bekering gekom het, moet ons die ou sondige natuur, die wêreldse kultuur en manier van dink in ons lewens doodmaak. Ons kan nie dit verder vertroetel nie.

Dan in vers 9 lees ons: **Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God. 11Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.**

Hoor wat sê Paulus: jou lewe moet al hoe meer verander, sodat ander meer van die Skepper God in ons lewens kan sien. Dan beskryf Hy wat die gevolg in ons lewens moet wees: **alle vorme van natuurlike skeiding wat daar tussen mense is, moet wegval**. Griek of Jood, besny of onbesny, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry mens, nie een van hierdie dinge wat mense van mekaar skei tel meer nie, want, **hier is Christus alles en in almal**. Ons kan dit anders stel. Ons geloof in Jesus Christus maak ons een. Dit neem alle dinge wat mense kan verdeel weg. Saam word ons immers die liggaam van Christus.

Dan in vers 14 sê Paulus: **Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind**. Lees mens deur Paulus se briewe aan die verskillende gemeentes, spandeer hy baie aandag aan eenheid. Bekende dele is Romeine 12 en 1 Korintiërs 12. Die hele Efesiërs brief lê sterk klem op eenheid en veral Hoofstuk 4 handel hoofsaamklik oor die belangrikheid van die eenheid van die kerk met vers 3 wat beveel: **Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe**.

Eenheid, so lyk dit vir my, is vir Jesus en mense soos Paulus van kritieke belang vir die behoud en getuienis van die kerk. As ons Jesus se gebed in Johannes 17 ernstig neem, kan ons weet dat dit deel van die Bose se strategie sal wees om die eenheid aan te val. As Jesus spesifiek gebid het dat God ons van die Bose sal bewaar, sodat ons ons eenheid kan behou, dan moet ons dalk

meer doelgerig saam met Jesus bid vir beskerming teen die Bose en dan veral teen die Bose se poging om die eenheid van die kerk op te breek.

Wanneer ons dit bid, word dit ook ons plig om elkeen alles in ons vermoë te doen om die eenheid van die kerk te beskerm. Vriende, ek het deur die jare dit keer op keer sien gebeur dat mense al hoe meer individualisties raak. Soms is dit as gevolg van geestelike hoogmoed. Soms is dit omdat mense verkeerde keuses maak en hulle nie voorgesê of voorgeskryf wil word nie, nie verantwoordelik teenoor medegelowiges wil wees nie, en dan beweeg hulle al hoe verder weg van die kerk en van ander gelowiges. Die uiteinde is altyd dieselfde: êrens val hulle lewe uitmekaar.

Ons het begin met die video oor die buffels. Dis presies wat met ons gebeur as ons weg wil breek van die geestelike versorging, en soms vermaning, van medegelowiges. Elke mens behoort ten minste 'n paar mense in jou lewe te hê vir wie jy vra, vir wie jy die reg gee om in jou lewe in te spreek en jou te help om op koers te bly.

Anders as wat die wêreld ons leer het ons mekaar net eenvoudig te nodig.

Doen die volgende saam. So, kom ek vra jou:

- Is daar iets wat jy kan doen, of moet doen, om te help dat die eenheid van die kerk behoue kan bly?
- Is daar iets wat jy of die kerk moet doen om die eenheid van die kerk meer sigbaar te maak?
- Hoe gereeld bid jy dat die Here jou en jou medegelowiges van die Bose sal bewaar?
- Alle gelowiges moet mense in jou lewe innooi en die reg gee om in jou lewe in te spreek. Wie is die mense in jou lewe? Indien daar nie sulke mense is nie, wat gaan jy doen om seker te maak daar wel mense is wat in jou lewe kan inspreek?
- Sluit af deur saam te bid.